# *Frontida Outreach*

Andre & Marina Olivier frontidaoutreach@gmail.com

*Building bridges for our Lord and Saviour, Jesus Christ*

Liefste vrinne,

Kolossense 1:27 . . . God het besluit om aan hulle bekend te maak hoe seënryk en heerlik hierdie geheimenis vir die nasies is. Die inhoud daarvan is: Christus is in julle, Hy is julle hoop op die heerlikheid . . . Verskoon die vraag maar wat is jou hoop op "heerlikheid" in jou werk, in jou huwelik, jou huisgesin, jou finansies, jou gesondheid en nog meer. Is dit meer gebasseer op eksterne transformasie of interne transformasie? (wees eerlik teenoor God in jou binnekamer as jy hieroor nadink)

Tyd vlieg darem maar geweldig. Ons is al sewe maande hier doenig en die eerste maand van YWAM se DTS (Discipleship Training School) is agter die rug. Woorde kan nie beskryf (altans dit is nie in die mens se vermoë om regtig te kan beskryf hoe groot ABBA VADER is nie) wat ons Almagtige Vader almal leer nie. It is a journey beyond imagination. Oor drie weke gaan die hele kursus groep op 'n geloofs uitreik vir twee weke lank (19 Julie – 30 Julie) na 'n ander provinsie. Ons sal almal in die provinsie waarheen Abba Vader ons sal stuur bly vir die duur van die uitreik. Die voorbereiding daarvan is in alle erns en almal sien met groot verwagtinge uit daarna. Ons vertrou Abba Vader om ons nog meer van Sy grootheid te wys tydens die uitreik.

Ons bly in Ubon Ratchathani tydens die DTS en kom net naweke, of dalk net 'n Saterdag – afhangende van die program - huis toe. Dit is lekker om weer by ons huisie te wees en voort te gaan met Frontida Kidz se bediening en om bietjie te ontspan, maar glo dit of nie, na 'n dag van stilte en ontspanning verlang jy weer na die "fellowship" van ons mede broers en susters by die DTS. Mens groei so inmekaar en harte word daagliks gedeel en oopgemaak. Eenheid in God word beleef (neem kennis dat sewe lande hier verteenwoordig word) . . . soos wat die in die wêreld moet wees.

Ons visums is goegekeur vir die volgende drie maande. Prys Abba Vader vir Sy voorsiening en guns. Dankie ook vir julle gebede tydens die visum hernuwing. Ons moet egter teen 11 September weer Laos toe gaan vir visum hernuwing vir die volgende drie maande daarvan af.

"Monsoon" is in sy volle glorie hier en die wêreld hier is nie nat nie maar sopnat. Prys Abba Vader vir sy versorging vir die voeding hier, veral vir die ryslande. Dit is so prentjie mooi as jy deur die ryslande ry en die groenigheid omring deur die natuurskoon van die omgewing wat jou so in die oë staar. Dit bring natuurlik die temperatuur bietjie af maar die humiditeit is nogsteeds hoog (en hoër as gewoonlik) so jy "sweet" nogsteeds al rëen dit aanhoudend so lekker. Gras in jou tuin moet natuurlik teen die spoed van wit lig gesny word wanneer dit wil lyk of die sonnetjie bietjie wil "hallo" sê. Soos die rëen heeltyd neerdaal kan mens nie dankbaar genoeg wees vir Abba Vader se seëninge nie.

**Gebedsversoeke:**

- Bid asseblief verder vir die DTS studente en fasiliteerders vir 'n Geesvervulde tyd wat voorlê.
- Bid asseblief vir Abba Vader se finansiële voorsiening vir die uitstaande kostes wat ons nog moet betaal vir die DTS opleiding. Ons totale koste vir die DTS is R26 500 per persoon en ons kort nog net R8 000 per persoon. Prys Abba Vader vir Sy voorsiening en guns.

- Bid asseblief dat ons gefokus en dissipline sal kan handhaaf om selfs voort te kan gaan met Frontida Kidz se bedieninge wat ons in Kanthararom begin het. Ons kan dit nie afskeep nie en moet volhou daarmee.
- Ek (Andre) preek Sondag 6 Julie my eerste formele preek in die kerk. Bid asseblief dat Abba Vader deur die Heilige Gees my sal voorberei en lei om Sy woord te deel.

Julle is ons ondersteuners en ankers in gebed. Dankie dat julle ons in staat stel om met ons bediening, Frontida Outreach, die Evangelie te kan verkondig hier in Kanthararom, Thailand Indien julle finansiële ondersteuning vir ons bediening wil doen, kan julle van die onderstaande bankbesonderhede gebruik maak.

Rekening Naam: Frontida
Bank: Capitec Bank
Rekening Nr: 1317286438
Tak Kode: 470010

Die Here van die oeste sëen elkeen van julle ryklik.





**Andre & Marina Olivier**
**Kanthararom, Sisaket**
**Thailand**
**Facebook (Andre Olivier, Marina Olivier, Frontida Outreach)**